Bib.

105/86

Saaknommer: 59/86

WHN

PETRUS THEMBA MAHLANGU .............. Appellant

en

DIE STAAT ............................ Respondent

JOUBERT, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

PETRUS THEMBA MAHLANGU .............. Appellant

en

DIE STAAT .............................. Respondent

Coram: JOUBERT, GROSSKOPF ARR et BOSHOFF Wn AR.

Datum van Verhoor: 28 Augustus 1986

Datum van Uitspraak: 22 September 1986

---

U I T S P R A A K

JOUBERT AR :

/Die .......

Die appellant, 'n Swartman, is in die Springs Rondgang Plaaslike Afdeling deur LEVESON R en twee assessore eenparig skuldig bevind aan moord deurdat hy op 28 November 1984 ene Zondi Nhlongothi („die oorledene") in die distrik van Springs vermoor het. Die verhoorhof het ook eenparig bevind dat daar geen versagtende omstandig= hede aanwesig was nie en gevolglik is die appellant op 20 Mei 1985 die verpligte doodvonnis opgelê. Met verlof van die verhoorregter kom die appellant na hierdie Hof in hoër beroep teen sy skuldigbevinding sowel as die doodvonnis.

Die lyk van die oorledene is die oggend van 28 November 1984 in 'n voor naby 'n spoorlyn gevind nie ver van die Welgedacht-kampong nie waar die appellant en die

/oorledene ........

oorledene as man en vrou 'n kamer met ander pare bewoon het.

Op 29 November 1984 het die distriksgenees= heer dr Bowden 'n nadoodse ondersoek op die liggaam van die oorledene gedoen. Die oorledene het veelvuldige beserings opgedoen wat die oorsaak van haar dood was. Haar hele liggaam het skaafwonde gehad. Van die meer ernstige beserings was o.a. gekneusde skeurwonde (contused lacerations) ten aansien van die hele gesig gepaard met frakture van die neusbene tot in die bokake asook die onderliggende okselbene wat waarskynlik deur 'n harde hou met 'n stomp voorwerp of deur 'n skop met 'n geskoende voet veroorsaak is. Dit het aanleiding gegee tot

subdurale bloeding van die brein. Die hoofbeserings kon op sigself noodlottig gewees het. Die intrede van die dood is egter bespoedig deur 'n droë tak, 3cm dik en ongeveer 55 cm lank, wat die privaatdele binnegedring het en deur die ingewande tot by die galblaas gedring het. Hierdie ernstige besering kon op sigself ook noodlottig gewees het. Dit kon te wyte wees aan perversiteit of uit vergelding vanweë iets uit die verlede. Daarbenewens het die oorledene ook skaafwonde aan haar polsgewrigte gehad wat met heelwat geweld toegedien moes gewees het. Dit kon toegedien gewees het om die oorledene te beteuel tydens die aanval op haar.

/Daar ........

Daar was geen ooggetuies wat die noodlottige aanslag op die oorledene aanskou het nie. Die Staat het getuienis aangebied van die appellant en die oorledene, wat minnaars was, se aktiwiteite gedurende die aand van 27 November 1984, van 'n rusie en 'n geveg tussen die appellant en die oorledene, hoe die appellant en die oorledene die kamer in die vroeë oggendure van 28 November 1984 saam verlaat het, hoe die appellant daarna alleen terug gekeer het en watter verduideliking die appellant toe in die teenwoordigheid van twee staatsgetuies gegee het. Die verhoorregter het blykbaar by implikasie hierdie getuienis aanvaar sonder om dit te vermeld en te ontleed en boonop sonder om enige geloofwaardigheids=

/bevindinge .......

bevindinge omtrent die betrokke staatsgetuies te maak, soos dit sy plig was om te doen. 'n Verhoorhof het immers die voordeel om getuies te sien en te hoor getuig. Sy taak is om met inagneming van die waarskynlikhede 'n bevinding met redes te maak aangaande die aanvaarbaarheid al dan nie van getuienis. In 'n uitermate kriptiese uitspraak oor die meriete het die verhoorregter hom krities toegespits op 'n baie bondige weergawe van die appellant se getuienis wat volgens die verhoorhof nie redelik moontlik waar kon wees nie d.w.s. sy verduideliking was so onwaarskynlik dat dit bo redelike twyfel as vals verwerp is. Die appellant het alleen vir sy verdediging op die meriete getuig.

/Geen ........

Geen getuienis is deur of namens hom t.o.v. versagtende omstandighede afgelê nie.

Emmanuel Sithole het getuig dat hy gedurende November 1984 by 'n spoorweghostel gewoon het. Ongeveer 7 nm op 27 November 1984 was hy besig om bier by 'n ander kampong te drink. Die appellant en die oorledene was ook daar. Hy en die appellant het gedrink maar nie die oorledene nie. Daar het 'n woordewisseling tussen die appellant en die oorledene ontstaan omdat sy wou loop terwyl die appellant wou bly om nog te drink. Volgens hom het die oorledene en die appellant saam die drink=plek na 8 nm verlaat. In kruisondervraging het hy ontken dat die oorledene na die toilet gegaan het en nie weer haar verskyning gemaak het nie.

Justice Piet Sibiya het dieselfde kamer in die Welgedacht-kampong saam met die appellant en die oorledene gedurende November 1984 bewoon. Hy het getuig dat die appellant en die oorledene omstreeks 7 nm op 27 November 1984 die kamer saam verlaat het. Volgens hom is daar ongeveer 4 vm die oggend van 28 November 1984 aan die kamerdeur geklop. Christina wat in die kamer slaap, het die deur oopgemaak en die oorledene binnegelaat. Die oorledene het gaan slaap. Heelwat later het die appellant sy opwagting in die kamer gemaak. Volgens hom was die appellant gedrink maar nie dronk nie. Sonder om te praat het die appellant begin om die oorledene aan te rand deur haar met bottels en ŉ bankstoel te slaan. Hy het die appellant berispe. Die oorledene het gebloei

/en ......

en haar klere was vol bloed. Die appellant het vir haar gesê sy moet kom sodat hy haar na haar mense kon neem. Die oorledene en die appellant is ongeveer 4.45 vm die oggend van 28 November 1984 saam weg. Sibiya het gaan stort en toe hy klaar gestort het, was die appellant reeds terug. Christina het die appellant gevra waar die oorledene is. Sy antwoord was dat hy haar by die spoorlyn gelaat het en 'n ambulans ontbied het. Om 5.30 vm is hy en die appellant saam werk toe.

Apple Masuku het ook dieselfde kamer in die Welgedacht-kampong met die appellant en die oorledene gedurende November 1984 gedeel. Hy was in die kamer toe die appellant en die oorledene omstreeks 7 nm op 27

November 1984 saam uit die kamer geloop het. Die appellant was toe nugter. Gedurende die nag het die oorledene na die kamer teruggekeer nadat Patrick Mashabane vir haar die deur oopgemaak het. Daar was niks met die oorledene verkeerd nie. Later het die appellant die kamer betree. Die appellant het baie gepraat en hy kon hoor dat die appellant gedrink was. In kruisonder= vraging het hy beweer dat die appellant by die oorledene in die bed gaan lê het en toe begin die appellant om met haar rusie te maak. Die appellant het die oorledene begin aanrand deur haar met die vuis te slaan. Daarna het die appellant bottels en 'n bankstoel gebruik om haar mee aan te rand. Die appellant sowel as die

/oorledene ........

oorledene was kwaad. Die appellant het haar beveel om te kom en toe neem hy haar weg. Dit was iets oor 4 vm op 28 November 1984. Ongeveer 4.50 vm het die appellant alleen teruggekom. In sy teenwoordigheid het die vrou met wie hy saamwoon (vermoedelik is dit Christina) die appellant gevra waar die oorledene is. Die appellant se antwoord was dat hy haar by die spoorlyn gelaat het en ʼn ambulans vir haar ontbied het. Hy en die appellant is saam werk toe die oggend.

Jappie Welemtsha het destyds ʼn kamer net langs die kamer van die appellant en die oorledene bewoon. Hy het die oggend van 28 November 1984 omstreeks 4 vm wakker geword toe hy ʼn persoon hoor skree het in die

/kamer ..........

kamer van die appellant en die oorledene. Hy het later die oggend help soek na die oorledene en toe haar lyk in 'n voor naby die spoorlyn sien lê.

Volgens die appellant se getuienis was hy en die oorledene die afgelope 3 jaar minnaars. Hulle het saam in 'n kamer in die Welgedacht-kampong gewoon. Die aand van 27 November 1984 is hulle saam met Sithole na 'n drinkplek waar laasgenoemde 6 biere gekoop het waarvan hy en Sithole saam 3 gedrink het. Op 'n stadium het die oorledene hom vertel sy gaan na die toilet maar sy het nie teruggekom nie. Hy het na haar gesoek maar

kon haar nie kry nie. Op daardie stadium was hy gedrink maar nie dronk nie. Hy is terug na hul kamer waar hy haar aangetref het. Op sy vraag waarom sy hom alleen gelaat en weggegaan het sonder om hom te sê, het sy nie geantwoord nie. In kruisondervraging het hy beweer dat hy bekommerd oor haar veiligheid was omdat daar baie tsotsies in die omgewing was. Hy het voorts getuig dat hy haar twee keer met sy vuis in haar gesig geslaan het. Hy was kwaad vir haar. Hy het haar ook met 'n bankstoel geslaan maar nie met bottels nie. Sibiya het hulle uitmekaar gemaak. Die oorledene en hy het toe 'n woordewisseling gehad. Sy het ook gesê dis beter

/dat .........

dat hy haar terugneem na haar ouerhuis want hy het haar aangerand. Hy het vir haar gesê om haar goed te vat en te kom. Hy en sy het toe die kamer verlaat. Haar mond het gebloei want hy het haar op haar mond geslaan. Op pad het hulle drie Swartmans teengekom wat hom vir vuurhoutjies gevra het. Twee van hulle het die oorledene getrek terwyl hy probeer het om haar ook te trek. Die derde Swartman het 'n mes uitgepluk en gedreig om hom daarmee te steek. Hy het weggehardloop maar hulle het hom agtervolg. Hy het geval en een van hulle het hom op sy rug met 'n voorwerp geslaan as gevolg waarvan hy 'n oopwond opgedoen het wat nog steeds 'n bietjie gebloei het.

/Op .........

Op 'n afstand het hy vir die oorledene geskree om te kom. Haar antwoord was dat sy die mans ken en dat hulle haar niks sou aandoen nie. Hy het toe vir Sithole gaan soek. In kruisondervraging het hy beweer dat dit was om hulp te vra. Hy kon egter Sithole nie vind nie. Hy is toe terug na sy kamer waar die ander persone nog geslaap het. Hy het niemand vertel dat hy die oorledene by die spoorlyn gelaat het en 'n ambulans vir haar ontbied het nie.

Na 'n ontleding en opweeg van die getuienis moet, na my oordeel, die getuienis van Sithole as sou die appellant en die oorledene saam die drinkplek verlaat het, as onaanneemlik verwerp word. Indien Sithole korrek

op hierdie aspek is, is dit volkome onverklaarbaar hoe die oorledene eerste na die kamer teruggekeer het terwyl die appellant veel later op sy eie teruggekeer het volgens die getuienis van Sibiya, Masuku en die appellant. Sithole het in kruisondervraging erken dat hy nie gesien het dat die oorledene na die toilet gegaan het nie omdat daar baie mense by die drinkplek was. Hy het baie gedrink en sy getuienis kom vir my op hierdie aspek van die gelyktydige weggaan van die oorledene en die appellant as hoogs onbetroubaar voor wat sy waarnemingsvermoë en geheue betref. Dit geld ook vir sy skatting van tyd.

Wat die gebeure in die kamer betref, is daar wel klein verskille tussen die getuienis van Sibiya en Masuku maar hulle is nie wesenlik van aard nie. Na my mening

toon hierdie klein verskille dat hierdie twee staats=getuies nie saamgespan het om ŉ opgemaakte verhaal aan die verhoorhof voor te lê nie. Dit word verder versterk deur die feit dat die appellant se weergawe van die gebeure in die kamer na sy aankoms basies met hul s'n ooreenstem behalwe dat hy o.a. ontken dat hy die oorledene met ŉ bottel geslaan het. Wat die aard van die aanranding op die oorledene deur die appellant betref, was dit grotendeels gemene saak tussen die Staat en die verdediging.

Dit bring my by die appellant se weergawe van wat gebeur het nadat hy en die oorledene die kamer in mekaar se geselskap die vroeë oggend van 28 November 1984 verlaat het. Na my mening is sy verduideliking so

onwaarskynlik dat dit nie redelik moontlik waar kan wees nie weens die volgende redes:

1. Ondanks die feit dat hy bereid was om die oorledene in die geselskap van die drie vreemde Swartmans te laat, het hy tog gegaan om hulp by Sitholo te soek ofskoon die oorledene aan hom geskree het dat sy die drie Swartmans ken en hulle haar niks sou aandoen nie.
2. Waar hy besluit het om hulp te gaan soek waarom het hy dit nie gaan vra by die mans in die kamer wat hy bewoon nie wetende dat hulle in die kamer was en dat die kamer nie ver van die plek was waar hy die oorledene gelos het nie ?
3. Waarom het hy aan Christina in die aanwesigheid van Sibiya en Masuku verduidelik dat hy die oorledene by die

/spoorlyn ......

spoorlyn gelaat het en 'n ambulans vir haar ontbied het ? Die appellant se ontkenning van die getuienis van Sibiya en Masuku op hierdie aspek moet as leuenagtig verwerp word. Dit is nooit deur die appellant gesuggereer dat Sibiya en Masuku bevooroordeeld of vyandig teenoor hom was of enige grief of wrok teen hom gekoester het om valslik teen hom te getuig nie.

4. Volgens die pleitverduideliking in die landdroshof het die appellant skuldig gepleit op die aanklag van moord. Hy is deur die landdros gevra of hy die oorledene met 'n mes gesteek het. Sy antwoord was dat hy haar met 'n kierie oor haar kop geslaan het en toe hy loop, het sy op die grond gelê en probeer opstaan. Hulle het baklei. Hy

/het .........

het nie bedoel om haar dood te maak nie. Die landdros het toe ŉ pleit van onskuldig aangeteken. Raadpleeg Bewysstuk "C" bl 76-77 van die oorkonde.

Op die totaliteit van die aanvaarbare getuienis was die enigste redelike afleiding dat die appellant die oorledene opsetlik gedood het. Hy is derhalwe op die meriete tereg skuldig bevind aan moord.

Wat versagtende omstandighede betref, het die appellant geen getuienis daaroor afgelê nie. Drie moontlike faktore verdien oorweging, te wete:

1. Die appellant se ouderdom. Hy het getuig dat hy 20 jaar oud is en ook dat hy die vader van ŉ 4 jarige kind by ŉ ander vrou is. Dit kom as onwaarskynlik voor en strek in

elk geval nie om sy morele skuld te verminder nie.

2. Die appellant was onder die invloed van drank. Hy het erken dat hy gedrink was maar nie dronk was nie. Dit was ook die getuienis van Sibiya. Die appellant het egter deurgaans geweet en onthou wat plaasvind sodat dit nie op sigself sy morele skuld verminder nie.

3. Die appellant en die oorledene het rusie in die kamer gemaak wat uitgeloop het op die aanranding op haar. Die rusie sowel as die aanranding was egter afgeloop en beeïndig toe hulle die kamer verlaat het. Die doodslag is nie in die hitte van ŉ rusie of emosionele opwelling gepleeg nie. Daar het ŉ tydsverloop van ongeveer 50 minute volgens Masuku

verloop totdat die appellant weer alleen na die kamer teruggekeer het.

Selfs wanneer hierdie drie faktore kumulatief geneem word, kom hulle na my mening nie neer op versagtende omstandighede nie. Na sorgvuldige oorweging van die aan= vaarbare getuienis as 'n geheel is ek van oordeel dat daar in die onderhawige geval geen feitebasis is waarvan ver= sagtende omstandighede op 'n oorwig van waarskynlikhede afgelei kan word nie. Dit was die appellant wat die aggressor was tydens die aanranding op die oorledene.

Na my mening kan dit nie gesê word nie dat die verhoorhof verkeerdelik tot die gevolgtrekking gekom het

/dat .......

dat daar in die appellant se geval geen versagtende omstandighede is nie.

Gevolglik word die appèl teen die skuldigbevinding aan moord asook teen die doodvonnis afgewys.

JOUBERT AR

GROSSKOPF AR)
BOSHOFF Wn AR) Stem saam.